# 16






# ‘n Lenteverrassing

## ‘n Nuwe lewe



My ma het van die hospitaal af gekom met ‘n lenteverrassing vir my.
Sy het gesê hy is my broer Bart, maar dink julle ek was bly?
O nee, het ek gedink, hy gaan my net pla.
Hy gaan heeldag huil en hik en winde laat en kla.
Ek loop nou dadelik weg, het ek gesê, en het na die rivier gegaan.
Om van Baba Bart weg te kom en daar te skuil, dit was my plan.





Maar langs die pad het ek gerus en sien toe iets lief:
Waar voorheen 'n ruspe gekruip het, het daar nou 'n skoenlapper gevlieg!
Daar was hasies in die haashok, en nuwe bloeisels aan die bome,
Klompe voëls en bye, en helder nuwe blomme.
Ons eende het nuwe kuikens gehad, ons henne het eiers uitgebroei,
Daar was 'n nuwe vulletjie in die kampie, wat op sy maer beentjies rondgespartel het.



My aarde, het ek gedink, dis nie so erg nie, dis wat die lente bring,
Die son kom uit, nuwe lewe word gebore en almal begin sing.
Ek het teruggegaan huis toe,
by die trappe opgesluip tot in die babakamer,
Ek het afgekyk op my pasgebore boetie en hy het teruggekyk na my.
Dit het gelyk asof hy sê, moenie bekommer nie maat,
gooi weg nou daardie vrees,
Gee my net kans om myself te bewys, en ek
sal jou heel beste vriend wees!

